PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

Desember 2025

# BESTE TJOKKIE OUER

Die Beheerliggaam het tydens 'n vergadering wat op **10 November 2025** gehou is, die begroting aan die ouers voorgelê.
Na deeglike bespreking het die ouers wat teenwoordig was, die begroting en voorgestelde skoolgeld **eenparig aanvaar en goedgekeur**.

As Finansiële Komitee is ons deeglik bewus van die uitdagings wat u, veral in hierdie tyd, in die gesig staar. Ons doen egter 'n **dringende beroep** op u as ouer/voog om u skoolgeldverpligting **maandeliks na te kom**, sodat die skool sy eie maandelikse verpligtinge betyds kan nakom.

---

## Betalingsmetodes

- **Debietorder**
- **Internetoorbetaling**

**BANKBESONDERHEDE:**

Universitas Primêre Skool

ABSA TJEKREKENING

REK NR: 1570 670 200

TAKKODE: 632005

## Verwysings:

- **Skoolgeld / Nasorgsentrum-gelde:** Gebruik u kind se *skoolrekening-verwysingsnommer.*
  (Kontak die Finansiële Kantoor indien u onseker is — annelize@tjokkies.co.za)
  *Let wel:* Hierdie is **nie** die leerder se toelatingsnommer nie.
- **Ander gelde:** Kyk asseblief op die betrokke brief watter verwysing gebruik moet word.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

## Skoolgeld en Nasorgsentrum-gelde vir 2025

| Betalingsopsie | Bedrag | Opmerkings |
|---|---|---|
| Een paaiement | **R19 190.00** | (R1 820.00 korting) |
| Debietorders: Skoolfonds per maand (oor 11 maande) | **R1 760.00** | (Per maand) |
| Nasorgsentrum per maand (oor 11 maande) | **R590.00** | |
| Skoolfonds + Nasorgsentrum per maand | **R2 350.00** | |
| EFT betalings: Skoolfonds per maand | **R1 910.00** | (Per maand) |
| Tweede kind | **R1 910.00** | |
| Derde en meer kinders | **R930.00** | |
| Nasorgsentrum per kwartaal | **R1 623.00** | |
| Nasorgsentrum per jaar | **R6 490.00** | |

## Debietordervorms

- **Bestaande debietorders:**

  Bly geldig. U hoef nie nuwe vorms vir 2025 te voltooi nie.

  Aanpassings sal **outomaties** gedoen word.

  Stel asseblief die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) **voor 17 Januarie 2025** in kennis indien:

  - ’n kind wegval of bygevoeg word, of
  - u bankbesonderhede verander het.

- **Nuwe ouers:**

  Vul asseblief ’n debietordervorm in en e-pos dit **voor of op Vrydag 17 Januarie 2025** na daleen@tjokkies.co.za, sodat dit betyds deur die bank verwerk kan word.

  (Vorms beskikbaar op www.tjokkies.co.za)

- **Voordele van debietorder:**
    - Verseker stiptelike en gereelde betalings
    - Verminder administrasie
    - Help die skool om sy maandelikse verpligtinge na te kom
      Daarom bied ons 'n **korting van R150 per maand / R1 650 per jaar** vir debietorders.
- **Let wel:**
    - Indien 'n debietorder onbetaald is, sal volle skoolfonds gehef word.
    - 'n Administratiewe fooi van **R150 per kind** sal gehef word vir enige onbetaalde debietorder.
    - Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om die finansiële kantoor in te lig oor enige bankveranderinge.

## Nasorgsentrum:

- Gelde: R1 760.00 per kwartaal vooruit / R590.00 per maand saam met skoolgeld.
- Maak seker dit is **ingesluit by u debietorder** (nuwe vorm nodig indien dit nog nie is nie).
- Vanaf 2025 sal die **R50 per dag-opsie** vir Nasorg **nie meer beskikbaar** wees nie — slegs geregistreerde leerders word toegelaat.
- Geen leerder sal toegelaat word by die Nasorgsentrum indien meer as **een maand se gelde uitstaande** is nie.

---

## Belangrike Inligting

- Indien enige paaiement nie gemaak of suksesvol deur die bank betaal is nie, is die **totale uitstaande skoolgeld onmiddellik betaalbaar**, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet.
- Skoolgeld is **vooruit betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.**
- Ouers wat op die 15de van die maand salaris ontvang, kan reël dat hul keerdatum **die 20ste** is — stel asseblief die finansiële kantoor hiervan in kennis.
- Die Skolewet maak voorsiening vir **korting of kwytskelding**.

- Aansoekvorms beskikbaar by **me. Beaulah du Plessis** (**beaulah@tjokkies.co.za**) vanaf 14 Januarie 2026.
- Aansoeke moet **voor of op 6 Februarie 2026** elektronies teruggestuur word.
- Laat aansoeke of aansoeke sonder die nodige bewyse sal nie oorweeg word nie.
- Indien u finansiële omstandighede later versleg, kan u wel later in die jaar aansoek doen.

- Heraansoek is **jaarliks verpligtend.**
- ’n Uittreksel van die Skolewet en die goedgekeurde begroting is by die skool beskikbaar vir insae.

---

## Kontantvrye Skool

Die hantering van groot kontantbedrae skep ’n **veiligheidsrisiko** vir kinders en personeel. Die Beheerliggaam het daarom reeds jare gelede besluit dat Tjokkies ’n **kontantvrye skool** is.

Baie dankie dat u hierdie reëling respekteer.

### Betalingsopsies:

- Debietorder (verkieslik)
- Internetbetaling
- Kitsbankoorbetaling
- Bankdeposito

*Let wel:* Maak seker u gebruik altyd u kind se naam en skoolrekening-verwysingsnommer.

**Klein bedrae** soos foto- of uitstappiegelde sal op **Karri** gelaai word.

---

Die bestuur van die skool bedank u vir u **ondersteuning gedurende 2025** en wens u ’n **voorspoedige en geseënde 2026** toe.

……………………
Mnr Wessel Groenewald
Voorsitter vd Beheerliggaam

……………………………
Mnr Werner Nel
Voorsitter v d Finansiële kommitee